higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N6

(3050566)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie..

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

Bestudeer ILLUSTRASIE A sorgvuldig en beantwoord die vrae wat volg.

ILLUSTRASIE A



Azaria Mbatha (South African, 1941–); *Sermon on the Mount.* Linocut

[Bron: https://artandtheology.org/2016/07/31/disciplining-our-eyes-with-holy-images/]

1.1 Ontleed die skildery deur Mbatha (Illustrasie A) hier bo en bespreek die komposisie aan die hand van die volgende formele aspekte van kuns:

1.1.1 Bespreek hoe ritme geskep word. (3)

1.1.2 Hoe dra lyn tot die kunswerk by? (3)

1.1.3 Hoe het die kunstenaar diepte geskep? (3)

1.2 Identifiseer die fokuspunt en motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

[12]

VRAAG 2

Bestudeer ILLUSTRASIE B sorgvuldig en beantwoord die vrae wat volg.

ILLUSTRASIE B



Dumile Feni; The *classroom,* Charcoal en conté op papier 229 × 96.5 cm

[Bron: http://revisions.co.za/gallery/dumile-feni/#.XwznuChKjIV]

2.1 Ontleed die kunswerk deur Feni (Illustrasie B) hier bo en bespreek dit aan die hand van die volgende:

2.1.1 Hoe beinvloed die kontras die komposisie? (2)

2.1.2 Bespreek die styl, medium en tegniek. (3)

2.1.3 Bespreek die gebruik van ruimte in die werk. (3)

2.2 Bespreek die tema en die emosionele eienskappe wat in die werk teenwoordig is. (2)

[10]

VRAAG 3

Bestudeer ILLUSTRASIE C sorgvuldig en beantwoord die vrae wat volg.

ILLUSTRASIE C



Fabien Merelle; *Pentateuque,* Hars, hare, verf en materiaal, 480 × 300 × 260 cm; 2013
Hongkong openbare kuns

[Bron: http://www.iloboyou.com/fabien-merelle-contemporary-sculptures/]

Een van die belangrikste stukke in Fabien Merelle se oeuvre, *Pentateuque*, toon 'n sukkelende Merelle wat 'n olifant op sy rug balanseer. Die kunswerk is in drie iterasies geskep – 'n tekening, 'n kleinskaalse beeldhouwerk, en 'n enorme openbare kunsinstallasie in Hongkong, 2013.

Bespreek die volgende in jou ontleding van hierdie kunswerk in Illustrasie C.

3.1 Bespreek die vorm, fatsoen en massa van die werk. (3)

3.2 Bespreek die verskillende teksture wat in die werk sigbaar is asook hoe jy dink die kunstenaar dit geskep het. (4)

3.3 Dink jy die werk is suksesvol as 'n openbare kunswerk? Motiveer jou antwoord en gee jou mening oor wat die moontlike betekenis van die werk kan wees. (3)

[10]

VRAAG 4

Bestudeer ILLUSTRASIE D sorgvuldig en beantwoord die vrae wat volg.

ILLUSTRASIE D



Johnson Tang, *Lucid Dream: Here and there;* porselein

[Bron: https://mymodernmet.com/johnson-tsang-lucid-dream-ii/]

4.1 Johnson Tsang is ‘n uitsonderlike kunstenaar wat besonder vaardig is daarin om figuratiewe beeldhoutegnieke te kombineer met surrealistiese portrette wat meestal uit menslike koppe in vreemd getransformeerde voorstellings bestaan.

Ontleed en bespreek hoe die medium en tegniek die emosionele eienskappe in Illustrasie D hier bo. (3)

4.2 Ontleed die gebruik van positiewe en negatiewe ruimte krities. Hoe beinvloed dit die betekenis van die werk? (3)

4.3 Is hierdie werk ‘n driedimensionele, tweedimensionele of reliëfwerk? Motiveer jou antwoord. (2)

[8]

VRAAG 5

In die laat 1860's het Monet, Pissarro, Renoir en ander landskappe en riviertonele begin skilder, waarin hulle probeer het om die kleure en vorms van voorwerpe soos hulle op 'n gegewe tyd in natuurlike lig voorkom, objektief op te teken. Dit het as Impressionisme bekend gestaan.

Bespreek impressionisme deur die kunswerke van TWEE Impressionistiese kunstenaars te ontleed. Verwys na die volgende in jou opstel:

- Invloede op die beweging (6)
- Stilistiese kenmerke, met verwysing na spesifieke kunswerke deur elke kunstenaar (7 + 7) (14)

[20]

VRAAG 6

Alhoewel hulle dikwels saam uitgestal het, het Post-impressionistiese kunstenaars nie saamgestem oor 'n samehangende beweging nie, en jonger skilders het in die vroeë 20ste eeu in geografies verwyderde streke en in verskeie style gewerk.

Toon jou begrip van die stelling hier bo deur die werk van TWEE Post-impressionistiese kunstenaars wie se skilderstyle verskil het, te bespreek. **[20]**

VRAAG 7

"Die doel van skilder is nie om geskiedenis te weerspieël nie, omdat dit in boeke gevind kan word. Ons het 'n hoër konsepsie. Die kunstenaar gee daardeur uitdrukking aan sy innerlike visie." – Matisse

Wat het Henry Matisse bedoel toe hy gesê het dat 'n kunstenaar aan sy innerlike visie uitdrukking moet gee? Brei uit op en bespreek hierdie stelling deur TWEE kunswerke deur Matisse te ontleed. **[20]**

VRAAG 8

Die Brücke (Die Brug) is deur Ernst Ludwig Kirchner gelei. Die groep wou radikale kuns skep wat by moderne gehore aanklank vind, wat hulle as jong, lewenskragtig en stedelik omskryf het.

Bespreek die kenmerke van die beweging Die Brug deur die kunswerke van Kirchner en EEN ander kunstenaar van dieselfde beweging te ontleed. **[20]**

VRAAG 9

Sowel Braque as Picasso het kunswerke geskep wat tot die Kubistiese sub-beweging – Analitiese Kubisme – behoort het. Bespreek minstens EEN kunswerk van elke kunstenaar met verwysing na die volgende:

- Keuse van onderwerp
- Stilistiese invloed van primitiewe kuns
- Kubiste se weiering om hulle op die "bekende" realiteit te beroep **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 140

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

BEANTWOORD ENIGE drie VRAE in AFDELING B.

VRAAG 10

Balla, Boccioni en Severini het geleidelik onder die invloed van die digter Filippo Marinetti gekom, wat in 1909 die literêre beweging genaamd Futurisme gestig het, wat 'n poging was om nuwe lewe in Italiaanse kultuur te blaas deur die krag van moderne wetenskap en tegnologie aan te gryp.

Bewys dat jy die stelling hier bo verstaan en bespreek die werk van enige TWEE van die genoemde kunstenaars. Verwys na die volgende:

- Definisie van die term
- Vorming van die groep
- Innoverende tegniek en styl **[20]**

VRAAG 11

Bespreek en vergelyk die stilistiese kenmerke van die Suprematisme-kunstenaar Malewitsj se kunswerke met die abstrakte kunswerke deur hetsy Kandinsky or Mondrian. **[20]**

VRAAG 12

Piet Mondrian het "Composition with Red Blue and Yellow" in 1930 geskilder. Dit verteenwoordig 'n subtiele draaipunt in die ewolusie van sy kenmerkende, eiesoortige skilderstyl, wat hy Neoplastisisme genoem het. Sy visuele stem het ontstaan deur 'n nougesette, daaglikse strewe na volkome abstraksie, wat na sy mening 'n manier was om uitdrukking te gee aan 'n universele suiwerheid deur nuwe (driedimensionele) kuns.

12.1 Identifiseer en ontleed die stilistiese kenmerke van die kunswerke deur Mondrian met spesiale verwysing na:

- Beginsels van komposisie
- Gebruik van kleur (15)

12.2 Beskryf die invloed wat De Stijl op argitektuur gehad het, kortliks. (5)
[20]

VRAAG 13

Toe *Bicycle Wheel* die eerste keer vertoon is, het Dada die kykers aangemoedig om sy wiel te draai. Alhoewel hy beweer het dat hy voorwerpe vir sy klaargemaakte voorwerpe ("readymades") nie op grond van hul skoonheid gekies het nie, het hy gesê, "Om daardie wiel te sien draai, was baie kalmerend, baie gerusstellend ... ek het dit geniet om daarna te kyk, net soos ek dit geniet om na die dansende vlamme in 'n kaggel te kyk."

Bespreek die unieke doelwitte en kunswerke van Dada met verwysing na EEN kunstenaar wat jy bestudeer het. **[20]**

VRAAG 14

"Dit was bloot gepas dat Freud na vore getree het met kritiek op die droom, Trouens, dit is merkwaardig dat hierdie belangrike deel van psigiese aktiwiteit tot dusver so min aandag getrek het (aangesien, ten minste vanaf mens se geboorte tot sy dood, denke geen oplossing bied vir kontinuïteit, die som van die momente van die droom, vanuit die oogpunt van tyd, en met inagneming van slegs suiwere drome, dit is, die drome van slaap)."
(Bron: *Le Manifeste du Surréalisme*, 1924; André Breton)

Identifiseer en ontleed die kenmerke van TWEE kunstenaars se kunswerke wat tot die beweging wat hier bo beskryf word, behoort het. Kies kunswerke wat minstens TWEE verskillende tegnieke wat aangewend is beskryf, byvoorbeeld outomatisme, toeval, *frottage*, paranoïese kritiese metode, ens. **[20]**

VRAAG 15

Colour Field skilderye is geneig om koel en kalm te wees, en word gewoonlik sorgvuldig beplan. Aksie-skilderwerk, daarenteen, word meer spontaan geskep.

Bewys jou begrip van die verskillende kenmerke van die TWEE sub-bewegings van Abstrakte Ekspressionisme deur die kunswerke van EEN kunstenaar uit Kleurveld-skilderwerk en EEN kunstenaar uit Aksie-skilderwerk te ontleed. (10 × 2) **[20]**

VRAAG 16

Estes word as 'n grondlegger van die fotorealistiese beweging beskou en is hoofsaaklik bekend om sy skilderye van stadstonele in New York. Estes stel sy komposisies saam uit verskeie bronfoto's en rekonstrueer sodoende realiteit in uiters oortuigende uitbeeldings.

Identifiseer die beweging wat hierbo beskryf word. Ontleed dan ook die tegnieke van TWEE fotorealistiese kunstenaars van jou keuse. (10 × 2) **[20]**

VRAAG 17

Popkuns het in die 1950's in Brittanje ontstaan en teen die 1960's stadigaan ook in Amerika ingang gevind.

Vergelyk Amerikaanse Popkuns deur verteenwoordigende voorbeelde van kunstenaars se kunswerke van albei lande te ontleed. (10 × 2) **[20]**

VRAAG 18

Weinig kategorieë kuns beskik oor die vermoë om die massas se menings oor kuns só te ontlok as konsepsuele kuns. Van reaksies van afkeer en skok, tot die kyker wat binnensmonds mompel "Ek kon dit ook gedoen het", lyk dit asof byna almal iets oor konsepsuele kuns te sê het.

Gee jou mening oor konsepsuele kuns en bespreek die anti-materialistiese benadering in die werk van Joseph Beuys. **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou